

Skriflesing: Exodus 25:10-22

Teks: **Exodus 25:21a,22**

Sing- Ps.31:1,15; Ps.130:2; Ps. 143:1,2; Ps.23:3; Ps.116...Ps. 132:4,5

Rondom die ark en die kandelaar kan ons vanoggend Nagmaal vier, broeder en suster. Laat ons voor ons aan die tafel van die Here aansit, eers die ark hanteer en by ons nabetrugting kom ons by die ander deel van Exodus 25 die laaste deel, waar ons dan ook kyk na die wonderlike betekenis van die kandelaar, maar eers die ark.

U mag dalk dink hierdie is maar alles Ou Testamentiese voorwerpe, en wat het dit vandag vir ons te sê. Ons moet egter uit die staanspoor onthou elk van die voorwerpe is 'n openbaring van God waarmee God iets van Homself openbaar. Ek moet die betekenis van die voorwerpe beter leer ken, dan is ek eintlik besig om die Here beter te leer ken.

Die Here Self sien die ark daar in die tempel (of tabernakel) baie sentraal. So sentraal ons kan dit noem God se troon. Luther het gesê dit is die stoel van God se genade. Alles op grond van vers 22 waar die Here dit duidelik maak – *En daar sal Ek met jou saamkom, en van die versoendeksel af, tussen die twee gerubs uit wat op die ark van die Getuienis is, sal Ek jou alles sê wat Ek jou vir die kinders van Israel sal beveel.* Die Here praat vanaf die ark, en hierdie boodskap wat God vanuit en vanaf die ark laat weerklink moet ons ore inklink as genade op genade.

Nou ons weet opsigself was die ark gewoon 'n mooi en eintlik kleinerige houtkissie. 1,25m lank, drie-kwart meter breed. Dit is gemaak van akasiahout wat maar doringhout is, moontlik van die min soorte hout wat geredelik in die woestyn beskikbaar was. Tog is dit harde hout en duursaam, goggas kan dit nie sommer stukkend vreet nie. En by dit alles is dit 'n mooi hout, wat as dit nog jong hout is 'n wonderlike mooi vlam in sy greine kan blootlê. Die Here het egter geeis dat die hele ark met suiwer goud oorgetrek moes word. Geen bykomstigheid of bymiddels mag by die goud gevoeg word, dit moes suiwer goud wees. En hierdie goud het aan die bokant 'n spesiale rif gevorm wat as die deksel bo-op geplaas word dit dan mooi in die gleuwe van die rif sou inpas en die deksel nie kon rondskuif nie.

Nog steeds aan die bokant was daar aan die vier hoeke ook vier goue ringe ingewerk, twee ringe aan elke kant, waardeur twee draaghoute gesteek is om die ark met hierdie draaghoute te kan optel as dit gedra moet word. Al was dit los twee draaghoute was daar 'n duidelike bevel om hierdie houte nooit uit die ringe uit te haal nie.

En wat die ark aan sy bokant afgerond het was die afbeelding van twee gerubs of dan nou engele. Hulle was bo-op die deksel gemonteer, met hulle gesigte na mekaar toe, en selfs het die punte van hulle vlerke na mekaar toe gewys, en die engele se vorm was effens vooroor dat hulle in hierdie geboë houding gelyk het of hulle aandag ook net toegespits is op die deksel van die ark en natuurlik dit wat binne in die ark geplaas is.

Aan die buitekant was die ark gewoon 'n mooi stewige sober eenvoudige kis met hierdie bykomstighede soos nou reeds genoem, die goud, die ringe, die hout, die engele, alles vorm 'n eenheid wat wil aansluit by wat binne in die ark aangaan. Binne in die ark was God se duidelike opdrag dat Moses moes die Wet van die Here wat op twee kliptafels geskryf gestaan het insit.

Nou is dit so belangrik dat u tog die geheel nie moet mis nie. Hier lê die twee tafels van die Wet binne-in die ark. Dit is die wet wat die vernaamste deel van die binnekant van die ark vorm. Hierdie Wet het God 'n ruk terug met donderslae en met weerligstrale afgestuur terwyl God Self die woorde met sy eie vinger op die twee plat klip blaai geskryf het. Geweldig die koms van die Wet, maar net so geweldig die betekenis van God se Wet. Die Wet opsigself is gevul met wat jy moet doen en wat jy nie mag doen nie. (So het ons vanoggend ook weer hierna geluister.)

God openbaar deur sy Wet Sy reg. God wat die reg het om te straf, dit moet ons by voorbaat baie goed weet. En by dit alles is God se straf juis op grond van sy Wet verskriklik. Moet nie 'n fout maak nie. Verskriklik kan dit wees om te val in die hande van die lewende God. Hebreërs 12:29- *Want onse God is 'n verterende vuur.* Dit word duidelik dat 'n mens wat nie die Wet nakom nie, 'n vervloekte mens is. Die Kategismus bring dit alles mooi saam as daar vir ons gevra word- *Waaruit ken jy jou ellende?*- En ons dan maar net kan antwoord- *Uit die Wet van God...*

Hiermee maak ons nie 'n fout nie. As daar nie 'n Wet was nie, dan sou daar nie sonde kon wees nie. Dadelik besef ek die Wet maak die sonde duidelik en die straf op die sonde is die dood. Met die Wet van die Here moet 'n mens mee rekening hou so duidelik soos wat mens met God Self mee moet rekening hou. Hierdie Wet wat binne die ark geplaas is, is God se

Wet wat in elke gebod dit oor en oor duidelik maak soos wat dit opnuut elke keer afgekondig word, dat God ons op grond van hierdie Wet oordeel.

U sal verstaan die ark dra aan sy binnekant eintlik 'n verskriklike boodskap. Verskriklik want niemand is daar wat nie die Wet oortree nie. Ons almal is skuldig. Sou dit van ons afhang dan moes ons almal die ewige dood gesterf het, waarbinne die Wet keer op keer, gebod na gebod, in al Tien hierdie gebooe, maar ook nog in die grootste hiervan dat ek God bo-alles moet liefhê en my naaste soos myself, my skuld eenvoudig net blootlê. Ons is oop en bloot skuldig as net die Wet ter sprake moet kom.

Wie is daar wat sou kon bewys ek het die Wet ten volle nagekom. Daar sal niemand kan wees nie, ook nie voor ons tafel vanoggend wat op dieselfde manier na gekyk sou moes word, sou die Wet by Nagmaal ter sprake moet kom. Hierdie kis wat ook die verbondsark genoem is, hierdie Nagmaal wat ook niks anders as 'n verbondsmaal kan wees nie, kan op geen manier van die Wet van die Here losgemaak word nie. As dit van ons gehoorsaamheid sou moes afhang of ons kan Nagmaal gevier het, dan het niemand tot hierdie tafel mag genader het nie. Ons is oop en bloot skuldig.

En nou kom ons by die ware betekenis van Nagmaal uit. Die feit dat ons so openlik skuldig is, die Wet maak dit oop en bloot, maar het u agtergekom die geweldige verskil wat God Self in sy verbondsark laat insit het. Hierdie ark, hierdie kis, het nie net 'n pragtige deksel gehad om die ark te laat mooi lyk en alles af te rond nie, nee, die deksel was eintlik daar om 'n bedekking bo-oor die Wet te wees. Ons noem dit dan ook die versoendeksel. Om versoening te bring met dit wat binne die ark is- die Wet- en met dit wat buite die ark moet gebeur. Die bloed wat elke jaar op hierdie ark gesprinkel moes word, eenmaal 'n jaar op die groot Versoendag wat net die hoëpriester so naby die ark mag gekom, om bloed van offerdiere hierop te mag sprinkel as versoening vir die sondes van die volk, wat juis op grond van die Wet binne die ark blootgelê word. Die bloed was nodig, om versoening te kan bring! Ons kan ook sê- die Wet het die bloed geeis.

Maar nou kom daar 'n magtige verskil. Die almag van God maak 'n verskil, bloot net in hoe die ark gelyk het. Hierdie Wet het gevra na bloed, maar nog voor die bloed gesprinkel was, is daar reeds 'n bedekking bo-oor die Wet geplaas gewees. Die versoendeksel was by die ark hierdie eenvoudige bedekking, die deksel het toegemaak, het bedek wat bedek moes wees.

Presies is dit wat gebeur. As God praat dan praat Hy *vanuit* die Wet maar *vanaf* die versoendeksel. God sê dit eintlik by herhaling- Vers 21- *En sit die versoendeksel bo-op die ark...*En weer net die volgende vers –v.22- *En daar sal Ek met jou saamkom, en van die versoendeksel af...sal Ek jou alles sê wat Ek jou vir die kinders van Israel sal beveel...*

U moet dit so verstaan, broeder en suster, stel u vir 'n oomblik hierdie verbondsark voor, sonder dat daar 'n deksel was, sonder dat die deksel bo-oor die Wet geplaas was. Sonder dat daar iets kon wees wat die Wet bedek het. Dan sou die Wet alleen gepraat het, en daar sou niks anders kon oorbly as net dat God alle mense sou kon oordeel op grond van hierdie Wet wat my lewe tot in die dieptes van die hel sou kon oopvlek.

Soos die engele daar op die deksel afgebeeld wat afkyk, kyk ons ook af na hoe verskriklik die oordeel sou wees as hierdie Wet nie 'n bedekking gehad het nie. As daar nie reeds 'n deksel op geplaas was nie. Ons kyk af, maar ons kyk ook na mekaar soos die engele met hulle gesigte na mekaar gedraai, hulle vlerke op mekaar aangewese, want in belang van mekaar, in gemeenskap met mekaar het God beveel dat daar juis twee engele op die deksel afgebeeld moet wees wat wil lyk of hulle iets met mekaar te doen wil hê. So moet God se kinders wees, so moet ons lewe as mense wat lyk of ons wel iets met mekaar te doen wil hê. So vier ek Nagmaal as deel van die kerk, as deel van klomp mense wat op een deksel staan. Want al was daar twee engele daar kon net een deksel vir hierdie verbondskis wees. Albei, ja alles, staan op hierdie deksel, en alles hang eintlik van hierdie deksel af. Die ringe, die hout, die goud, alles se sameloop en se samehang kan net by die deksel plaasvind. Dit bedek letterlik alles binne die kis, maar sal ook alles kan dra, want die ringe met die hout daardeur kon tog op geen ander plek as aan die hoeke van die deksel vasgemaak gewees het nie.

U besef seker reeds hierdie versoendeksel kan ons op geen ander manier inplaas as net die plek waar Christus inpas nie. Ook vanoggend! Hy wat sy bloed vir ons gegee het, na alle kante toe het sy bloed moes vloei, soos die hoëpriester die offerdiere se bloed orals moes sprinkel. Alleen die bloed het versoening kon bring, maar Christus het terselfdertyd in hierdie versoening bedekking gebring. Hy het God se Wet letterlik bedek, soos die deksel die Wet geheel en al toegemaak het. Na alle kante toe het Jesus God se Wet vervul, dat ons die heerlike betekenis van die Wet in Christus moet kan beleef, 'n Wet wat in Christus vervul is.

‘n Wet waarvan die betekenis vir ons uitstaan soos die engele daarna gekyk het, hulle kyk af daarna, maar hulle kyk vas in die deksel en nie in die Wet nie. Ons sal nou in Christus geoordeel word, en nie op grond van ons werke rondom die Wet wat nie goed is nie. ‘n Mens wat hom/haar nou teen God vasloop, loop nie in die eerste plek hulle teen die Wet vas nie, maar so ‘n mens loop hom/haar teen Christus vas. Nou sal daar vir jou in die eerste plek gevra word, wat het jy met Christus gemaak, en nie wat het jy met my Wet gemaak nie?

Die Wet wat Christus vervul het, die Wet wat Hy bedek het, is nog steeds God se Wet. Dit sal God se Wet bly, maar in Christus kyk ons nou na die Wet, nie sodat ek gered kan word nie, maar omdat ek reeds gered is. Die Wet moet my bring by dankbaarheid en blydskap dat Christus my sonde juis op grond van hierdie Wet bedek het. Daar is vergewing moontlik, Nagmaal het moontlik geword, daar is gemeenskap met mekaar moontlik, ons kan na mekaar kyk soos die engele. Watter blydskap om saam te mag Nagmaal vier. Daar is ook lewe en groei moontlik. Met die bedekking, met die vergewing, met die gemeenskap, met die vaste staanplek wat ons in Christus reeds ontvang het, wil ons as nabetrugting kom by die lewe en groei wat daar na Nagmaal by ons moet wees. Die kandelaar in aansluiting by die versoendeksel, ja Christus ons versoendeksel, maak hierdie lewe en groei moontlik.

AMEN